**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

I2.5 Vol 191 p 9876-9934

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1987-03-11

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 191

(Bladsye 9 876 - 9 934)

HOF HERVAT OP 11 MAART 1987.

MR CHASKALSON : My Lord, we have had an opportunity of giving some thought to the ruling made by Your Lordship yesterday in relation to the assessor Professor Joubert. I was consulted yesterday evening at about 17h00 and we had an opportunity to give attention to some authorities. It seems to us that the ruling may constitute a material irregularity which will have the effect of nullifying the trial. We need time to consider that issue, because indeed if that is the effect of the ruling and this case is likely, as it seems now, to continue for another year or so, that a proper time to ask Your Lordship to consider the effect of what happened yesterday, is now and that no good would be served by continuing a case of may be up to a year if in fact the proceedings have become a nullity. We are, as far as that is concerned, not yet in a position to address argument to Your Lordship and would need time to prepare ourselves for that purpose. There is also the possibility arising out of yesterday's events of other applications being made which will again require time for us to consider our position and to prepare such papers as may be necessary. My Lord, we also think that in the circumstances and in view of the nature of the applications we are giving consideration to, that it would be correct to ask Your Lordship not to continue with the case until such time as we have had an opportunity of considering those issues of preparing such papers as may be necessary and of preparing our arguments. So, My Lord, if we were at this stage to take time, it is difficult to estimate the time that would be required, though my guess is that we could get everything ready within a week. Of

course/...

course, the State may at that stage also wish time, if we present any papers and it may also wish time to consider such issues as we may raise which are legal issues. So I cannot be sure that within a week the matter will come to a head, but at the moment my application to Your Lordship is not to continue the case until such stage as these matters have been properly put before Your Lordship and arguments have been addressed to Your Lordship in regard to them and Your Lordship has had an opportunity of considering whether or not this case should be brought to an end. I think that I would ask therefore that the matter now stand down for a week for that purpose. If we need more time after that, obviously we would have to approach Your Lordship at the end of the week, but it seems to us that we are correct at this stage to deal with these matters before proceeding further with the case. So I make that application to Your Lordship.

COURT : Mr Chaskalson, I have noted your intention to apply to Court and I appreciate that this is a serious matter and it has to be well prepared and that you need time for that. I am of the opinion, however, that the case can continue in the meantime, that no harm will be done in that respect and I rule that this case continue and that as soon as you are ready you can bring your application.

MR CHASKALSON : Your Lordship does appreciate that it is not only the one application. That there may be related applications arising out of this.

COURT : Whatever applications you want to bring whenever you are ready.

MR CHASKALSON : As Your Lordship pleases.

MORAKE PETRUS MOKOENA, v.o.e. (Deur tolk)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mokoena, ek dink ons was nog met daardie fees besig wat gehou was deur die raadslede en waar julle die protes gereël het. Is dit reg? Onthou jy dit nog? -- Ja.

Jy het gesê een van die beskuldigdes het in die stadion ingegaan. Wie was dit gewees? -- Beskuldigde nr. 7.

Saam met wie is hy daar in by die stadion? -- Hy alleen was deur die komitee gestuur.

Hy was alleen afgevaardig deur die komitee, maar weet jy wie het hy saam met hom gevat? -- Nee, ek weet nie.

Wat was die doel dat hy moes ingaan in die stadion in? -- Hy moes gaan kyk het wat daar gebeur.

Het hy teruggerapporteer aan die komitee? -- Ja, hy het.

Wat het hy terugrapporteer? -- Hy het gesê binne-in die stadion is daar 'n kerkorkes en 'n verteenwoordiger van Pretoria af. Daar was ook 'n "gum boot" dans gehou. Hy het toe verder gesê dat die vleis sowel as koeldrank in daardie stadion geniet is.

So, die gemeenskap het wel hierdie fees ondersteun? -- Ek verstaan nie hoekom sê u dit nie, om watter rede dit so beskou word nie.

Hulle het mos hierdie fees daar bygewoon, hulle het deelgeneem aan die verrigtinge, die kerke in die gemeenskap het 'n orkes daar gehad, volgens jou, daar was 'n "gum boot" dans gewees deur mense uit die gemeenskap. Is dit nie so nie? -- Daar was wel mense teenwoordig daar.

So, stem jy dan saam die gemeenskap het die fees ondersteun? -- Ja, ek stem saam, wat dié wat daar was betref.

En eintlik die enigste mense wat eintlik teen daardie

fees/...

fees was, was julle wat daarteen georganiseer het? -- Dit is nie die waarheid nie, want die meerderheid van die inwoners in Evaton en Sebokeng het nie dit bygewoon nie. Die mense was nie veel nie. Dit was eintlik nie eers vol nie.

Kan jy vir die Hof sê, het jy 'n opname gaan doen, van huis tot huis gegaan by die mense en gehoor hoekom was hulle nie daar nie? -- Ek het dit nie gedoen nie.

Stem jy dan saam jy kan ook nie vir die Hof kom vertel hierso wat die meerderheid van die mense se gevoelens was nie, want jy het nie 'n opname gedoen nie? -- Ek kan vir die Hof sê wat die meerderheid van die inwoners in Evaton en Sebokeng se gevoel was, want as gevolg van die gebeure wat daar plaasgevind het, dat die dorpsraad van Evaton mense se standplase of se grond oorgeneem het, is een van die redes dat die meerderheid dit nie gesteun het nie en hulle het mense ook gearresteer vir permitte. Dit is nie goeie dinge waarvan mense gehou het wat sou geregverdig het dat hulle hierdie fees moet bywoon nie. Dit is nie goeie redes vir die gemeenskap om hulle self nader te bring aan sulke persone nie.

Is dit nie maar net wat jy gedink het nie? Jy het nie vasgestel of dit so is nie? -- Dit is nie vir my nodig om dit vas te stel deur navraag te doen nie. Dit was duidelik dat die meerderheid van die mense nie die fees bygewoon het nie.

Het julle met die plakkate waarmee julle gestaan het daarin geslaag om mense te keer dat hulle nie die fees bywoon nie? -- Nee.

Het niks van die mense wat daar na die fees toe gekom het omgedraai nie? -- Ons het dit nie gesien nie. Dit kon gewees het dat 'n persoon op pad na die fees toe was en met dit loop die persoon 'n plakkaat raak wat 'n bewoording

bevat/...

bevat wat iets tot die persoon se gedagte bring, dat die persoon nou die gevoel kry dat as gevolg van wat daar geskryf staan, kan hy nie na die fees toe gaan nie. Dit het ons nie gesien nie.

Het die mense wat met die plakkate gestaan het nie ook gepraat met die mense en gesê hulle moet nie na die fees toe gaan nie, want op hierdie fees is dit raadslede wat die fees hou wat nie aanvaarbaar is vir julle nie? -- Hulle het nie met die mense gepraat nie. Net die plakkaat het met die mense gepraat.

HOF : Ek verstaan beskuldigde nr. 10 is terug?

MR BIZOS : Yes, I am sorry, My Lord, he actually came back yesterday morning. We noticed it but forgot to tell Your Lordship.

COURT : Was the operation a success?

MR BIZOS : Yes, I believe he is feeling much better.

MNR. JACOBS : Jy het gepraat in jou getuienis-in-hoof van 'n vergadering wat gehou is op 8 April 1984? -- Ja.

Wie het die vergadering gereël? -- Evaton Ratepayers Association se komitee het dit gereël.

Wie was die sprekers op daardie vergadering? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie, maar Khabi was 'n spreker gewees. Ek het ook daar 'n toespraak gelewer.

Khabi en jy. Wie van die ander organisasies was daar? Wie was sprekers van ander organisasies was daar? -- Daar was nie sprekers van ander organisasies nie.

Het daar nie van die VCA mense gepraat nie? -- Nee, daar was nie mense van VCA daar nie.

En van VOW? -- Daar was nie mense van VOW daar teenwoordig nie. Dit was net ons, die mense van Evaton Ratepayers

alleen/...

alleen.

Wat was die doel van hierdie vergadering? -- Ons het daar die herbeplanning gaan bespreek.

So, dit was 'n vergadering en die tema van die vergadering, wat was dit? Was dit teen hierdie raadslede en Swart Plaaslike Bestuur wat dan die herbeplanning sou steun? -- Die tema van die vergadering daar het gegaan oor die bevordering van die herbeplanning wat deur die Evaton sou laat bevorder het in East Road - Eastern Road en die ander gedeeltes wat hulle beoog het om her te beplan.

Was jy en ERPA gekant teen hierdie herbeplanning? -- Ek was alreeds gekant gewees teen die herbeplanning terwyl ek nog in die Raad gedien het.

Het jy op hierdie vergadering - het julle dit aan die mense gestel dat julle van ERPA is gekant teen die herbeplanning en dit teenstaan? -- Ons het aan hulle verduidelik wat hulle moet verwag met die herbeplanning om daarteen te wees terwyl ons dit verduidelik het dat hulle dit so verstaan het.

So, hulle moes verstaan hoekom moet hulle teen die herbeplanning wees? -- Nee, hulle moes verstaan het wat om te verwag wat kom as gevolg van die herbeplanning.

Het julle dit aan hulle oorgedra dat julle - dat die raadslede die mense is wat verantwoordelik is vir hierdie herbeplanning en julle steun dit nie? -- Ek wil graag hê die aanklaer moet luister. Ons het aan die mense verduidelik dat dit die besluit was van die Raad, dit is die Evaton Raad, dat daar 'n herbeplanning moet wees en ons het nie gesê dat ons nou daarteen moet optree nie, maar ons wou gehad het dat hulle moet verstaan dat dit eintlik die besluit is van die Raad, dit wil sê die Evaton Stadsraad.

Het/...

Het julle dan op hierdie vergadering vir die mense gesê dit is ʼn goeie ding dat daar ʼn herbeplanning moet wees? -- Luister, ons het aan die mense verduidelik dat ons verstaan hierdie herbeplanning as ʼn manier om beslag te lê op die grond.

Het julle aan die mense gesê dat hulle moet aksie neem daarteen of hulle moet dit aanvaar of verwerp, die beslagneming van die grond? -- As ons na ʼn vergadering gaan is dit nie met die oog daarop om vir die gehoor te gaan sê wat om te doen nie. Ons gaan na ʼn vergadering toe met die oog daarop om die probleem te gaan bespreek met die gemeenskap.

Op hierdie vergadering het julle die toesprake gemaak, nê? -- Ja, dit is die waarheid.

En vir die mense vertel? -- Ja, dit is die waarheid.

Ek het nog nooit gehoor dat jy gesê het daar was ʼn bespreking gewees met die mense nie. Ek het gehoor van toesprake? -- Die bespreking kom op hierdie manier. As ek nou ʼn toespraak oor ʼn sekere aspek wat die mense raak waarin die mense belang stel en wat in die mense se belang is, dan sal die mense dit verstaan en dan sal die mense hulle opinies uitspreek op dit wat hulle verstaan het om daar op te tree.

Is daar besluit op optrede op hierdie vergadering, hoe dat die mense gaan optree? -- Ek kan nie meer onthou nie of daar enige besluit geneem was al dan nie.

Was daar enige bespreking, soos jy dit omskryf hier, op hierdie vergadering? -- Ja, dit is die manier waarop vergaderings gehou word.

En volgens hierdie bespreking, wat was die bespreking en die besluit namens die Raad en die raadslede?

<u>HOF</u> : Ek kan die vraag nie mooi volg nie. Wat is die

vraag/...

vraag.

MNR. JACOBS : Uit die bespreking uit wat daar gevolg het, is daar enige besluite geneem oor wat se aksie gevolg gaan word of hoe die herbeplanning van die Raad benader moet word?

HOF : Die getuie sê hy onthou nie of daar besluite geneem is nie.

MNR. JACOBS : Ek sal dit daar laat. Ons gaan na die vergadering van 26 Augustus toe. Wat was die doel van hierdie vergadering gewees? -- Die doel van hierdie vergadering was om met die gemeenskap daar te praat oor wat hulle voor moet oppas. Byvoorbeeld omdat daar nou alreeds pype was op ŉ hoop was en daar vore was wat gegrawe was, moet hulle oppas dat hulle nie dinge moet toelaat dat dit moet plaasvind op hulle standplase sonder dat hulle op hoogte is van die feite wat daartoe aanleiding gegee het nie.

Hoe moes hulle dit nie toelaat nie? Op watter wyse? -- In die eerste plek, die inwoners van Evaton was daarvan bewus dat as die Administrasieraad toegelaat word om hulle standplase te verdeel, gaan hulle hulle "freehold" verloor. Met die gevolg hulle sou dit nie toegelaat het dat dit moet plaasvind nie, want hulle het geweet hulle gaan verloor.

Hoe gaan hulle dit keer? Dit is my vraag? Hoe gaan hulle dit nie toelaat nie? Jy het nie my vraag geantwoord nie? -- Elke persoon sou dit gedoen het op ŉ manier wat daardie persoon goed gesien het om te doen, byvoorbeeld ekself, op my standplaas, as ŉ persoon daar gekom het en vir my gesê het hy kom ŉ pyp daar lê, sou ek daardie persoon weggejaag het.

So, die boodskap was dan oorgebring dat die mense moet die mense van die Raad wat daarso pype gaan lê wegjaag?

Dit/...

-- Dit was nie die boodskap nie. Wat ek sê is, ons het die mense gaan waarsku dat dit kan gebeur en wat ek nou net gesê het, is van toepassing op myself as 'n persoon, dat indien daar enigiemand gekom het om 'n pyp te lê op my standplaas, sou ek daardie persoon sleg weggejaag het daar.

Jy het die woord gebruik "toegelaat", dat die mense nie die Raad se werkers wat pype lê moet toelaat om dit te doen nie?

HOF : Nee, die getuienis is dat dit nie bespreek is hoe hulle hulle nie moet toelaat of wel moet toelaat nie. Hulle het net gesê "Julle moet hulle nie toelaat nie." Sy getuienis is dit is jou reg as eienaar om iemand nie op jou perseel toe te laat nie. Daar is nie gesê wat elke man moet doen nie en hy self sê hy sou hulle nie op sy perseel toegelaat het nie.

MNR. JACOBS : Dat inwoners nie toegelaat word nie. Dit is eintlik wat ek bedoel het. Dat die inwoners nie toelaat dat hulle dit doen nie.

HOF : Die inwoners is geadviseer om elkeen op sy eie perseel die mense nie toe te laat nie.

MNR. JACOBS : Verstaan ek dit dan korrek as ek sê dat jou getuienis is dat dit is gesê aan die mense dat hulle nie moet toelaat dat daar pype gelê word nie? -- Ja, soos byvoorbeeld 'n persoon wat weet dat indien 'n persoon op sy standplaas toegelaat het dat die Administrasieraad iets doen op daardie standplaas, dan het dit met niemand anders te doen behalwe daardie persoon en die Raad self nie.

Op hierdie vergadering was daarso aanvalle geloods op die - woordelikse aanvalle teenoor raadslede, teenoor die Administrasieraad en teenoor die Minister? -- Nee.

Is/...

Is u seker dit is hoegenaamd nie so nie? -- Ja, ek is seker.

Het jy nie ŉ aanval geloods op hulle nie? -- Ek het nie so gepraat nie.

En as enigiemand so iets sê, dan is dit ŉ absolute leuen? -- Ja.

Jy het gepraat namens ERPA. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

En Jonas Khubeka was ŉ ander spreker namens ERPA.

HOF : Is dit ŉ vraag of ŉ stelling?

MNR. JACOBS : ŉ Stelling. Ek sal dit ook in ŉ vraag stel. Ek wil net seker maak dat dit reg is. Is dit so dat die ander spreker namens ERPA was Jonas Khubeka? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie.

Jy sien, hoekom ek vir jou van Jonas Khubeka vra is omdat hy - ek dink jy het hom genoem in hoofgetuienis as ŉ spreker? -- Dan sal dit hy kan wees.

Wat maak dat jy so vinnig vergeet in ŉ paar dae? -- Ek wil hê u moet so verstaan. Daar is mense wat gewoonlik sprekers is by hierdie vereniging van ons as ons daar is. Dit gebeur partykeer dat daardie persoon nie ŉ vergadering bygewoon het nie, dus kon daardie persoon nie daar ŉ spreker gewees het nie, maar iemand anders. Dit is om daardie rede dat ek nou nie met sekerheid kon gesê het nie.

So, jou getuienis-in-hoof, as jy gesê het dat Jonas Khubeka was ŉ spreker, dan is jy eintlik nie seker daarvan nie? -- Ek glo nie ek maak ŉ fout nie. As dit met betrekking is tot die vergadering van 8 April 1984 nie.

Jy probeer my nou omseil, want ek het jou spesifiek gesê ons gaan nou na die vergadering van 26 Augustus 1984.

-- O, as dit daardie vergadering is, is dit reg, Khubeka was daar teenwoordig gewees. Hy was die eerste spreker gewees.

En nou-nou toe jy gesê het jy het nie ŉ aanval geloods, ŉ woordelikse aanval, in jou toespraak teen die dorpsbestuur van Evaton of die Administrasieraad of die Minister nie, het jy verstaan dit het toe gegaan oor die vergadering van 26 Augustus? -- Nee, u moet my mooi verstaan. Toe ek gesê het nee, het ek bedoel nie op die manier wat u gestel het dat ŉ aanval deur my geloods was teen die bestuur van Evaton, die Administrasieraad en die Minister nie. Dit is die antwoord wat ek gegee het.

HOF : Antwoord nou net die vraag. U is gevra deur die geleerde advokaat of u ŉ woordelikse aanval gemaak het op die Minister en die Raad, toe sê u nee. Van watter vergadering het u gedink praat hy? -- Die antwoord van my van nee het die volgende verduidelik, dat dit nie my manier van praat was nie, al is dit by watter vergadering. Dit sou ek nie gedoen het nie.

Van watter vergadering het u gedink praat hy? -- Die vergadering van die 26ste.

MNR. JACOBS : So, jou antwoord wat jy daar gegee het, het gegaan oor die vergadering van 26 Augustus? Dit is duidelik? -- Ja, dit is so.

En daar het jy nie gepraat, net om duidelikheid te kry, teen die Raad, die Administrasieraad, teen die Minister of teen die Dorpsbestuur nie? -- Ek sê ja omdat ek dit nooit doen by enige vergadering nie.

Jy sien, ek wil aan jou stel wat hier aan ŉ getuie gestel was. Aan Rina Mokoena was dit gestel, wat ŉ spreker was op daardie vergadering? Haar voorletters is P.R. Ek

weet/...

weet nie wat die volle naam is nie, maar ons ken haar algemeen as Rina Mokoena? -- Ja, sy was.

Ek wil verwys na volume 38 bladsy 1 756. Ek sal eintlik die hele stelling van mnr. Bizos aan jou lees op bladsy 1 755. "No. 6, the secretary of the Evaton Ratepayers Association spoke at a meeting held in Evaton Roman Catholic Church on Sunday. He vehemently attacked the Evaton Town Council, The Orange Vaal Development Board and Dr Piet Koornhof, the Minister of Co-operation and Development, accusing them of implementing a township scheme rejected by the majority of the residents." Hierdie stelling wat mnr. Bizos gemaak het verskil hemelsbreed met wat jy nou net vir die Hof gesê het? -- Ek sien geen verskil nie.

Het jy nie nou net vir die Hof gesê dat jy het nie 'n aanval geloods teenoor hierdie mense nie? Ek het hulle al drie vir jou gespesifiseer? -- Ek het so gesê.

En hy sê hier jy het dit wel gedoen. "He vehemently attacked the Evaton Town Council, the Orange Vaal Development Board and Dr Piet Koornhof, the Minister of Co-operation and Development."

MR BIZOS : My Lord, should the prosecutor not read the whole sentence?

COURT : Yes, if that would give greater clarity. Lees weer die sin. Waar het u gelees?

MNR. JACOBS : 1 756 die tweede reël van bo af. "He vehemently attacked the Evaton Town Council, the Orange Vaal Development Board and Dr Piet Koornhof, the Minister of Co-operation and Development, accusing them of implementing a township scheme rejected by the majority of the residents." -- Daar is nie 'n verskil daarin nie.

So/...

So, jy sê dit is nie ŉ aanval op die raadslede wat hier gestel word nie? --Dit is hoe dit verduidelik word na my beskuldiging teenoor dr. Piet Koornhof oor wat daar plaasgevind het byvoorbeeld dat hy nou die mense, die Raadslede of die Raad self aangestel het met die oog daarop dat dit die mense se gronde moet oorneem en hy sê wat hy besluit het kan nie verander word nie. Dit is toe ek daardie woorde gebesig het, dat mense dit sou kon vertolk het.

Maar dan het hulle dit mos verkeerd vertolk as hulle sê jy het ook die aanval geloods teen die Administrasieraad en die Dorpsbestuur van Evaton? Dit is mos verkeerd vertolk dan? -- Nee, daar is niks verkeerd daarmee nie. Ek praat hier van die Minister wat besluit het oor iets dat dit moet plaasvind en die Administrasieraad tesame met die Stadsraad van Evaton is die mense wat die herbeplanning gaan uitvoer, wat dan veroorsaak dat mense hulle sekere regte dan verloor.

Kom ons maak dit baie eenvoudig. Sê vir my, het jy die woord "Dorpsbestuur" gebruik in jou aanval toe jy oor die Minister gepraat het? -- Ja.

Het jy die woord "Administrasieraad" gebruik toe jy jou aanval geloods het teen die Minister? -- Ja, in my beskuldiging van die Minister wat nie met ons wou gepraat het nie, het ek melding gemaak van die twee liggame, dat hy daardie twee liggame goed gesien het om die herbeplanning uit te voer, wat dan sal toesien dat ons ons grond verloor en aan die anderkant wil hy nie ŉ woord met ons praat nie.

Toe ek jou aanvanklik gevra het of hy so ŉ aanval geloods het teen daardie mense, hoekom het jy dit nie toe vir die Hof gesê nie? -- Nee, dit is nie ŉ aanval nie.

Dit/...

Dit is om ŉ verduideliking te maak van hulle se doen en late.

So, as hierso in hierdie stuk dan staan dat daar was ŉ striemende aanval, ek vertaal "vehemently" as ŉ striemende aanval "vehemently attacked", dan is dit eintlik ŉ verkeerde stelling wat gemaak is aan Rina Mokoena? -- Lyk my ons verstaan mekaar nie goed met die gebruik van die woord "aanval" nie. Wat verstaan u met "aanval"?

Antwoord jy maar net my vraag, asseblief.

MR BIZOS : May I draw to Your Lordship's attention that what I was reading out actually was a newspaper. I was not putting the words of the accused, but it is clear what My Learned Friend is reading starts off in inverted comma's at the bottom of page 1 755.

COURT : What was put to the witness was that this was the tenor of Mr Mokoena's speech.

MR BIZOS : I agree that this was the tenor.

HOF : Laat ons nou net eers weer die vraag kry, mnr. Jacobs, sodat die getuie nie verwar word nie. Wat is die vraag?

MNR. JACOBS : My vraag was - ek dink my laaste vraag was gewees dat "he vehemently attacked" is nooit gestel, is ŉ foutiewe stelling gemaak aan Rina Mokoena as sou afkomstig gewees het van beskuldigde nr. 6 en toe het hy gesê ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wel, u moet sê dat dit die trant was van sy toespraak en dan die aanhaling gee.

MNR. JACOBS : Dit is reg. -- In my beskuldiging van dr. Koornhof het ek die volgende gesê daar. Die trant van my toespraak was hy het die besluit geneem dat ons grond nou verdeel moet word en met die verdeling van die grond sal ŉ eienaar van ŉ standplaas ŉ sekere reg verloor op ŉ sekere

stuk/...

stuk grond in die verdeling. Aan die ander kant, die Gemeenskapsraad is besig met die uitvoering van die herbeplanning in die sin dat hulle wil aangaan met die verdeling van die standplase en hy is die enigste persoon wat kon besluit het of dit moet voortgaan, al dan nie, maar hy wil nie met ons praat nie. Dit wil sê hy wil nie met die mense praat by wie se plekke herbeplanning gedoen moet word nie.

Ek sal dit daar laat want blykbaar kan jy nie vir ons sê of kan jy nie vir ons sê dat dit wel ŉ korrekte stelling was, die trant van jou toespraak dat jy ŉ aanval geloods het, ŉ striemende aanval geloods het op daardie mense nie? -- ŉ Persoon kan dit vertolk as ŉ aanval. Dit is reg.

Het jy en die ander sprekers van ERPA die blaam vir enigiets wat daar gebeur het omtrent die herbeplanning geplaas aan die deur van die Dorpsbestuur en hulle geblameer daarvoor? -- Ja, die oorsprong daarvan kom van die Gemeenskapsraad. Ek het dit gesien terwyl ek nog in die Raad gedien het. Ek is die persoon wat dit uitgevat het na die Gemeenskap toe.

Ek het jou eintlik gevra van die dorpsbestuur. Het hulle dit geplaas aan die deur van die dorpsbestuur? -- Ons het dit nie gedoen nie, want die meerderheid van die mense wat op die dorpsbestuur gedien het, was maar die mense gewees wat vroeër in die Gemeenskapsraad gedien het.

HOF : Nee, maar kan ons net duidelikheid kry. Terwyl daar nie meer ŉ Gemeenskapsraad is nie maar ŉ dorpsraad of dorpsbestuur, het u nog steeds na hulle verwys as die Gemeenskapsraad of het u hulle nou ŉ ander naam gegee? -- Ons het hulle die "Town Council" genoem.

Het u verwys in u toespraak na die "Town Council"? --

Ja/...

Ja, ek het.

MNR. JACOBS : Dan wil ek weer my vraag aan jou herhaal. Ek glo nie jy het hom geantwoord nie. Het jy dit op hierdie vergadering aan die gehoor oorgedra dat jy ook blaam lê aan die deur van die dorpsbestuur, die "Town Council" vir hierdie herbeplanning? -- Kyk, laat ons mekaar verstaan. Die herbeplanning het begin in die tyd van die Gemeenskapsraad en die dorpsraad is besig om die herbeplanning uit te voer wat eintlik begin het in die tyd van die Gemeenskapsraad.

Dit verstaan ek baie goed, maar antwoord nou my vraag. Het jy die dorpsbestuur ook geblameer vir uitvoering van hierdie herbeplanning? -- Ja, toe hulle dit uitgevoer het.

Het jy vir die mense oorgedra wat moet hulle nou doen omtrent die dorpsbestuur wat nou hierdie planne uitvoer van herbeplanning, dat julle hulle nie wil hê nie, dat hulle moet bedank of wat ook al gedoen word? -- Wat ons gesê het was die volgende. Die dorpsraad het oorgeneem wat eintlik in die tyd van die Gemeenskapsraad begin het. Om ons te beskerm sal ons iets moet sien, dit wil sê iets beraam ter beskerming van onsself as ŉ gemeenskap.

Is dit beskerming van julle self as ŉ gemeenskap teen die dorpsbestuur? -- Ter beskerming het ek alreeds vir u gesê op watter manier dit uitgevoer sou geword het. Ek het gesê ten opsigte van die aanlê van pype, ŉ man wat by my gekom het van die Administrasieraad af om die pype aan te lê, sou ek weggejaag het. Dit is die beskerming waarvan ek praat.

Nou, my vraag was eenvoudig gewees. Sê net vir ons ja of nee. Was dit ter beskerming, waarvan julle daar gepraat het, teen die dorpsbestuur? -- Nee, ons het nie daarvan

gepraat/...

gepraat nie. Ons was net besig om ons regte en ons grond te beskerm en die beskerming sou plaasgevind het op die manier wat ek aan u verduidelik het dat ek ŉ persoon daar op my werf sou weggejaag het. Dit was die beskerming waarvan ons gepraat het.

So, was dieselfde beskerming wat jy nou hier aanhaal wat dan gegee was op die vergadering van 8 April nou weer herhaal op hierdie vergadering? -- Watter een van 8 April praat u nou van?

Hierdie beskerming wat jy van praat, was dit nie van toepassing op die 8 April nie? -- Die beskerming wat ons tot ons beskikking het teen hierdie gebeure van die verdeling van ons grond is om nie toe te laat dat dit moet plaasvind op ons grond nie.

Ek wil net vir jou op hierdie punt vra. As die mense kom om daardie pype te lê in die teenwoordigheid van die polisie, as julle vir hom sê hy moet weggaan en hy weier om weg te gaan, wat dan? Wat het julle aan die mense gesê wat dan?

HOF : Wag nou net so ŉ bietjie. Laat ons nou eers bepaal of die betreding van die persone regmatig of onregmatig sou wees, want as dit ŉ regmatige betreding is, al is die polisie daarby, ŉ onregmatige betreding is al is die polisie daarby, het die man die reg om die persoon van sy perseel af te jaag. U kan nie net eenvoudig aanvaar as iemand die polisie saambring dat hy ŉ reg het om op die perseel te kom nie.

MNR. JACOBS : As die onteiening en die herbeplanning volgens Wet vasgelê was en dat die uitvoering daarvan... (Hof kom tussenbei)

HOF : Nee, u moet die ding nou op feite plaas. Ons kan

die/...

die ding nie op ŉ supposisie argumenteer nie. As dit so is dat daar ŉ geldige onteiening was van sekere grond en daar op daardie grond sekere handeling geskied het, dan was die handeling regmatig. As daar geen onteiening was nie en hulle op privaat grond gekom het sonder toestemming, dan was dit ŉ onregmatige handeling. Ons moet eers ons feite vasstel voordat u die getuie se toespraak daarteen gaan toets. Ek het tot dusver verstaan dat wat die getuie self betref is sy houding "Ek is baas op my plaas."

MNR. JACOBS : Op sy plaas, ja. Kan ek dit so stel. Het julle onderskeid gemaak en aan die mense oorgedra ten opsigte van dié eiendom wat die Administrasieraad reeds uitgekoop het? -- Nee, nee, kyk, daar het ons gaan praat by hierdie vergadering as grondeienaars en ons het niks te doene gehad met ŉ ander persoon wat nie grond het nie. Dit wil sê as ons praat van wegjaag van die Administrasieraad se werknemers, dan praat ons van wegjaag op ons persele. Ons het niks uit te waai met iemand anders se perseel wat nie daar verteenwoordig is nie.

So, ERPA, verstaan ek dan reg, het opgetree in hierdie vergaderings namens grondeienaars? -- ERPA het daar opgetree namens die grondeienaars en wie vrees gehad het dat hulle hulle eiendomme sou verloor en wou gehad het dat die reg beskerm moet word.

Was ERPA dan ook net verteenwoordigend van die grondeienaars? -- Dit is nie so nie.

Ek sal op hierdie aspek later terugkom. Ek wil net sekere feite vasstel. Behalwe jy en Jonas Khubeka, het daar enige ander mense van ERPA op hierdie vergadering gepraat? -- Niemand anders nie, behalwe die voorsitter wat bekend

gemaak het dat hy, die voorsitter, nie teenwoordig was nie, hy was weg gewees, dit was die eerste keer wat hy ons ontmoet het daar by hierdie vergadering.

Die ander gassprekers, was sprekers van ander organisasies? -- Ek weet van 'n spreker wat van 'n ander organisasie af gekom het. Dit was net Rina Mokoena.

Jy het met Esau Raditsela gereël dat hy reël vir gassprekers op julle vergadering? -- Ek het aan Esau gevra dat hy na VOW toe moet gaan om vir ons 'n spreker te gaan soek en nie te reël nie. Ek het ook gesê dat hy, wat Esau is, sal 'n jeugspreker vir ons soek en nie reël nie.

Nou wat bedoel jy nou met nie reël nie? Laat ons mekaar goed verstaan? -- Maar ek het u stelling gehoor. U het gesê dat hy moet reël.

Maar is dit nie as 'n mens iemand gaan soek, dan reël hy, hy kry daardie persoon en hy reël daardie persoon kom na hierdie plek toe en kom gee 'n toespraak hier nie? -- Waar verskil ons dan?

HOF : Dit is wat ek ook wonder.

MNR. JACOBS : Die gesprek wat jy met Esau gevoer het om vir julle gassprekers te kry, was dit in sy hoedanigheid as die voorsitter van daardie komitee van julle? -- Ek volg nie die vraag nie? In watter hoedanigheid? In sy hoedanigheid met betrekking tot die gesamentlike komitee of wat?

Ja, dit is wat ek jou vra. -- Nee, dit is nie so nie.

Is dit dan miskien in ooreenstemming waar Curtis Nkondo op 6 November 1983 aan julle gesê het dat die organisasies in gebiede moet saam werk? -- Nee, wat hier in bespreking was, het met die mense van Evaton alleen te doene gehad. Ons het hom versoek omdat hy mense van daardie vergadering

geken/...

geken het.

Van watter vergadering? -- Organisasie, verskoon my. Dit is VOW.

Goed, hy het een gekies van VOW en die ander? -- Ons het hom toe dus gevra om vir ons ŉ jeug te kry.

Het jy hom nie ook gevra om iemand van VCA te kry nie? -- Nee.

Hoekom nie? -- Omdat ons nie VCA se spreker nodig gehad het nie.

Julle het hom glad nie nodig gehad nie? -- Glad nie.

Hoeveel sprekers moes hy gereël het? -- Ons wou net een spreker gehad het van VOW en een jeug.

Het jy aan hom gesê toe julle die reëlings getref het waaroor die sprekers min of meer moet kom praat? Wat se boodskap moet hulle vir die mense van Evaton bring? -- Nee, ek het nie.

Sou jy tevrede gewees het as Esau daar met ŉ persoon aangekom wat die raadslede kom prys het? -- Dit sou dan die toespraak van daardie persoon gewees het.

As hy kom praat het daarso van hoe lekker dit is om skool te gaan deur die jeugdige?

MR BIZOS : Is there evidence that there was a school boycott in that area at that time? Or is it an assumption as a result of other things that have happened since?

COURT : Well, does it matter? This is the question, would a person have been welcome who was telling the meeting that it was wonderful to go to school. Whether that is relevant or not, we will decide later on.

MR BIZOS : If it is as innocent as that, I have no objection.

COURT : That is all that is put so far.

MR BIZOS : I have no objection, but I am sure it was not as innocent as that.

COURT : May be you misunderstood the question.

MNR. JACOBS : Ek glo nie jy het al geantwoord op daardie vraag toe ons in die rede geval is nie? -- Dit sou dan ŉ toespraak gewees het van die jeug wat die jeug op besluit het.

So, jy het nie omgegee watter ander soort toesprake daar kom gegee word op ŉ politieke vergadering wat gaan oor julle griewe nie? -- Ek het nie omgegee nie. As ŉ persoon besluit om daardie soort van toespraak te lewer, is daar niks verkeerd daarmee nie, behalwe natuurlik as ŉ persoon iets gaan sê wat buitengewoon is.

Wie het besluit dat daar vir hierdie vergadering sprekers uitgenooi moet word? -- Evaton Ratepayers Association se komitee het dit besluit.

Wat het hulle besluit, wat se sprekers moet julle kry? -- Wat daar besluit was, was die volgende, dat daar ŉ spreker gevind moet word van hierdie organisasie VOW met die oog daarop dat dit ŉ aanmoediging is van ons vroue-komitee wat destyds nie gewerk het nie.

En die jeug? -- Dit was met die oog daarop dat die jeug dan ook ŉ aanmoedigende rol sal speel tussen die jeug van Evaton dat hulle ook by die organisasie sal moet aansluit as gevolg van die aanmoediging.

En die vroue, moes hulle ook die mense steun in die stryd? -- Watter stryd?

Julle stryd teen herbeplanning? -- Ja, dit is so.

En jy sê dit nie eers vir Esau dat dit is min of meer wat daardie mense vir julle moet kom verduidelik nie? --

Ja/...

Ja, ons het nie aan Esau so gesê nie.

Maar hoekom nie, want dit is mos die soort sprekers wat julle gesoek het? -- Omdat ons nie woorde in die mond van die sprekers wou gelê het nie.

Jy sien, as iemand na jou toe kom en vra jy moet ŉ vergadering gaan toespraak, dan wil jy weet "Maar waaroor moet ek praat? Ek moet darem ten minste ŉ aanduiding hê waarvoor die mense wil hê ek moet praat"? -- Kyk, VOW as ŉ organisasie het ons alreeds ŉ brief geskryf en hulle self daar voorgestel van die bestaan van die organisasie. So, wat ons verwag het was dat VOW se spreker wat daar sal kom, sal hulle mondelings voorstel en verder uitbrei watter soort van organisasie dit is.

Is dit jou antwoord nou? -- Ja, dit is my antwoord.

As dit jou hele verwagting was, dan sal ŉ mens ten minste verwag "Ons kry ŉ spreker van VOW, dat hulle vir ons kom verduidelik wat beteken VOW, dat ons verduidelik waarna streef VOW"? -- Kyk, VOW het ons ŉ brief geskryf om ons te laat weet van die bestaan van VOW en VOW is toe genooi omdat ons geweet het dat VOW bestaan het. Al wat ons wou geweet het is, VOW moet nou vir ons kom sê breedvoerig wat VOW nou eintlik is, waarvoor dit staan.

U antwoord nie die vraag nie. U antwoord hom presies dieselfde. So, ek los dit daarso. As jy hom nie wil antwoord nie, is dit jou keuse. -- Ek sien ook maar die beste om dit te los, want ek weet nie waarnatoe gaan ons nie.

Was beskuldigde nr. 5 - sê jy was ŉ spreker op daardie vergadering? -- Ja, dit is so.

Kan jy vir die Hof sê waar woon beskuldigde nr. 5? -- Ek het eers daarvan bewus geword na ons arrestasie dat hy

in Gebied 13 woonagtig was.

In Sebokeng? -- Ja.

Het jy hom dan nie geken daardie tyd nie? -- Nee, ek kan my nie voorstel dat ek geweet het dat hy in Gebied 13 woon nie. Ek het nie geweet nie.

Toe hy na jou as voorsitter van daardie vergadering kom, het jy geweet hy gaan die spreker wees voor die tyd? -- Hy het homself voorgestel en die volgende gesê dat hy van Esau verneem het dat ons ŉ jeug nodig het om ŉ toespraak te lewer by hierdie vergadering.

Wat nog? -- Ek het toe gesê ja, dit is reg, ons sal hom maar ŉ kans gee om ŉ toespraak te maak.

En toe? Toe gaan sit hy daar op die verhoog? -- Ja, hy het op die verhoog gaan sit.

Het hy enigiets gedoen daar of het hy maar net daar stil gesit en gewag om te praat? -- Hy het daar gesit, maar aangesien ek besig was met die verduideliking van die "master plan and outline plan" aan die gehoor, het hy my dus daarmee gehelp.

Sê u dat terwyl jy besig was met ŉ toespraak het beskuldigde jou onderbreek en toe het hierdie gesprek tussen julle plaasgevind? -- Met sy aankoms daar was ek besig met ŉ toespraak met betrekking tot die dokumente waarna ek nou net verwys het. Met sy aankoms daar, omdat ek verwag het dat daar ŉ persoon sal aankom, dit wil sê ŉ jeug, het ek aanvaar dat hy die jeug is vermoedelik. Ek het dus die dokumente aan hom oorhandig dat hy my moet help om voort te gaan met betrekking tot die verduideliking van hierdie dokumente aan die gehoor. Dit is voor ek geweet het wie hy is, voor hy homself aan my voorgestel het. Na ons dit klaar

voltooi/...

voltooi het, dit wil sê die verduideliking aan die gehoor, het hy, beskuldigde nr. 5, hom eers aan my voorgestel wie hy is.

So, jou getuienis netnou was nie eintlik heeltemal reg, toe jy gesê het toe hy daar gekom het, het hy hom voorgestel aan jou wie hy is, dat Esau hom gestuur het en dat hy toe daar gaan sit het nie? Dit was toe nie heeltemal reg nie? -- Op hierdie stadium het ek net aan u verduidelik wat daar gebeur het, maar nie presies alles nie.

Is dit korrek dat beskuldigde nr. 5 het in sy toespraak gesê en ek wil vir jou aanhaal die volgende woorde "They are willing to help Evaton with any trouble, because his grandmother had a stand and they meaning the youth."

HOF : Het beskuldigde nr. 5 gesê "We are willing to help Evaton with any trouble, because my grandmother et cetera"? -- Dit is my woorde wat die trant van sy toespraak verduidelik.

MNR. JACOBS : Was die woorde wat hy dan gebesig het soos die Hof dit aan jou gestel het "We are willing to help Evaton with any trouble "? -- Dit verduidelik van ŉ gebeure wat lank gelede plaasgevind het. Dit is nie ŉ aanhaling van wat hy gesê het nie. Dit is my verduideliking van die trant van sy toespraak destyds.

Maar ek vra jou, die trant van sy toespraak soos jy dit weergegee het in die hof, is dit ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : My Lord, if the prosecutor is referring to page 9 709 volume 187, instead of reading "problem" he read "trouble" which just adds to the trouble or the problem or both.

HOF : Wel, die "they" verwys dan na die jeug.

MNR. JACOBS : Dit is wat ek van praat.

HOF : Dan het ek dit verkeerd gestel. Dit is dan die jeug sal hulle help.

MNR. JACOBS : Die jeug sal hulle help. Ek dink om verwarring te voorkom in billikheid teenoor die getuie, kan ek sy woorde aan hom lees?

HOF : Ja.

MNR. JACOBS : Die tolk sê jou antwoord is die volgende. "Let me just finish this." Dan kom dit "Because his grandmother had ..." Ek moet ŉ bietjie vorentoe begin. "In his address he said they are quite willing to help the people with whatever problem they are experiencing within the residential area of Evaton." "Who are they?" en dan sê die "interpreter" "Let me just finish this, because his grandmother had a stand in Evaton and they, meaning the youth." Die vraag is dan eenvoudig, stem jy saam, is dit min of meer wat hy gesê het dat hulle, menende die jeug, is bereid om te help in Evaton? -- Ja.

En laat ons ook nou nie daar verwarring kry nie, hoe het hy gesê waarmee sou hulle help in Evaton, die jeug? -- Met sy aankoms daar was ek besig met ŉ toespraak en met die kennis dat hy alreeds vantevore ŉ toespraak gelewer het by ŉ vergadering van Evaton Ratepayers het ek aanvaar dat hy, wat beskuldigde nr. 5 is, weet al wat die probleme is wat bestaan in die gemeenskap van Evaton. Dit is na aanleiding daarvan dat hy dan sê dat hulle in die probleme sal help wat betrekking het op Evaton.

Het hy gesê watter probleme hulle mee sal help? -- Nee, hy het nie gesê nie.

Na watter jeug het hy verwys wat hulle sou help?

Hoe/...

Hoe het hy gesê watter jeug sal help in Evaton? -- Hy het nie verduidelik nie. Ek het aanvaar dat hy praat van die jeug in die algemeen.

K591 HOF : Maar watter volmag het hy gehad om te praat namens die jeug in die algemeen? -- Omdat hy ook 'n jeug is.

MNR. JACOBS : Kyk, hy het daar gepraat as 'n verteenwoordiger van die jeug? -- Ja.

Hy is 'n man wat al woonagtig is en onder die jeug beweeg in Gebied 13 sê jy waar hy woon? -- Ja, hy woon in Gebied 13.

Watter jeug het hy verteenwoordig om namens hulle so 'n onderneming te gee? -- Ek het aanvaar dat hy die onderneming maak namens al die jeug teenwoordig te Sebokeng, ingesluit Evaton.

Dink jy nie dit is darem 'n baie eienaardige antwoord om nou vir die Hof te gee nie? 'n Mens kan mos nie gaan en sê ek sê oor al die jeug, oor die algemeen, ons sal dit doen nie, want hoe weet hy of die jeug dit gaan doen? -- Ek sê so, want ek het dit so aanvaar. Ons het gevra dat ons soek 'n jeug vir die aanmoediging van die jeug in die omgewing om aan te sluit. Ons het nie geweet watter jeug sal aansluit nie.

Wat se jeug sou aansluit waarby nie? -- Die jeug teenwoordig in Evaton wou ons gehad het dat hulle by ons organisasie aansluit.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MORAKE PETRUS MOKOENA, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mokoena, kan jy vir ons sê het beskuldigde nr. 5 gesê hoe die jeug sou help ten opsigte van die probleme van Evaton? -- Nee,

hy/...

hy het dit nie verduidelik nie.

Het hy gesê met watter probleme hulle sal help, spesifieke probleme? -- Hy het nie verduidelik nie, maar ek het aanvaar dat aangesien hy nou weet van die herbeplanning praat hy dalk van die herbeplanning.

So, as ek jou getuienis dan nou hier verstaan dan was hy eintlik baie vaag oor hierdie kwessie van die hulp van die jeug? -- Ja, dit is so.

Of hy het nie eers geweet watter hulp die jeug sal help nie, of dit nou die jeug in Gebied 13 in Sebokeng is nie? -- Al waarin ons belang gestel het was die teenwoordigheid van die jeug sodat die ander jeug kan sien dat daar 'n nodigheid is vir hulle om by hierdie organisasies teenwoordig te wees.

So, julle was geïnteresseerd in die jeug van 'n organisasie om 'n voorbeeld te stel vir julle jeug om by ander organisasies aan te sluit. Is dit reg?

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Mnr. Die Tolk, die vorige antwoord was dit die meervoud, organisasies of organisasie? -- Organisasie.

MNR. JACOBS : Is dit korrek dat sy boodskap was dan dat julle wou 'n jeug gehad het van 'n organisasie of ander organisasies om 'n voorbeeld te stel en aan julle jeug oor te dra om aan te sluit by 'n organisasie.

HOF : Laat ek nou net die terminologie regkry,want ek sien nou die aanklaer net soos die tolk gebruik die woord "jeug" in twee opsigte en die een daarvan is verkeerd. Wanneer 'n mens van 'n enkeling praat, dan praat jy van 'n jeugdige en wanneer jy van die totaliteit praat, dan praat jy van die jeug. In Engels is dit"youth" as enkeling en "youth" as meervoud.

Ek/...

Ek het dit nou al opgelet en na geluister en dit is moontlik dat daar hier en daar enkelvoud bedoel word waar die normale betekenis sou wees meervoud. Ons moet 'n bietjie oppas daarvoor. Sal u weer die vraag stel?

MNR. JACOBS : Om miskien 'n bietjie meer duidelikheid te kry en dit miskien net anders stel. Toe jy nou-nou vir die Hof gesê het dat julle wou 'n verteenwoordiger van die jeug gehad het om as 'n voorbeeld te dien vir die jeug van Evaton, het jy bedoel dat julle wou net 'n enkeling gehad het of 'n verteenwoordiger van die jeug as 'n groep? -- Ek het van 'n enkele persoon gepraat wat vanaf die jeuggemeenskap sou kom.

Dit is uit die aard van die saak so dat daar net 'n enkele persoon kan praat, maar die enkele persoon, moes hy verteenwoordigend wees van die jeug as 'n gemeenskap of as 'n groep? -- Die enkele persoon, die jong persoon waarvan ek praat, het nie die jeug as 'n organisasie of 'n klomp bymekaar verteenwoordig nie, maar hy het net daar gekom en 'n toespraak gelewer as 'n jong persoon teenwoordig.

Hoe sou een enkele jong persoon wat net sy eie persoon verteenwoordig as 'n voorbeeld kan dien vir die jong mense van Evaton om aan te sluit by organisasies? -- Ons het nie eers 'n enkele jong persoon gehad by hierdie organisasie van ons nie. Ons wou dus gehad het dat die jong persone van die omgewing bewus moet word dat 'n jong persoon ook deel kan neem aan hierdie organisasie.

Hoekom moes 'n jeugdige spesifiek daardie boodskap kom oordra? -- Die rede was dat as die jong mense van die omgewing bewus word dat daar 'n jong persoon was wat iets te doene gehad het met ons organisasie, dan sal hulle ook belang stel om ook betrokke te wees.

Dan/...

Dan kon julle mos 'n jeugdige uit julle eie gemeenskap gekry het om daar te praat en 'n beroep op die jeug te doen, die jeug as 'n groep om by julle organisasie aan te sluit? -- Die rede hoekom ons met Esau so gepraat het, was omdat ons al vroeër met hierdie fees jong mense gehad het wat deel geneem het aan die uitvoering van die protes. Dit was gereël gewees. Hierdie keer wou ons gehad het dat die jong mense dit kan besef dat hulle ook 'n rol kan speel in organisasies in daardie sin.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Was dit nou meervoud, mnr. Die tolk? -- Ja, hierdie keer was dit in die meervoud. Verskoon my, hier bedoel ek dat hulle by ons organisasie aansluit.

MNR. JACOBS : Ek neem aan jou eie seuns was goed onderlig met al hierdie probleme want hulle bly by jou in die huis? Hulle weet wat hierdie probleme is wat ERPA ondervind? -- Ek glo nie. Ek weet nie. Ek glo nie hulle weet presies wat gebeur nie.

Stel dit so, hulle sal meer weet as wat 'n vreemdeling weet uit 'n ander gebied wat in Evaton self aangaan? -- My seuntjie was nog baie klein op daardie tydstip.

HOF : Hoeveel van u kinders is seuns en hoe oud is hulle? -- Vier.

En hoe oud is hulle? Is dit die vier oudstes wat seuns is of waar is u dogter? -- Sy is die oudste van hulle. Dan 'n seun, 'n dogter, weer 'n seun en dan twee seuns.

MNR. JACOBS : Hoe oud is die oudste seun? -- Hy word 19 in hierdie jaar.

Kon hy nie daar gepraat het en 'n beroep gedoen het op die jeug van Evaton om aan te sluit by ERPA nie? -- Nee.

Julle van ERPA self, het julle ooit uitnodigings

gerig/...

gerig aan die jeugdiges van ERPA om aan te sluit by ERPA? -- Ons het by ons vergaderings melding gemaak daarvan, dat ons jong mense nodig het.

By watter vergadering het julle nou - wie het op hierdie vergadering van die 26ste die jeug van Evaton versoek om aan te sluit by ERPA?-- Op hierdie vergadering het niemand so 'n versoek gerig nie.

By watter vergaderings van julle is dit dan gedoen? -- Die vorige vergaderings, daar was dit gedoen.

Is dit nou massavergaderings of julle komiteevergaderings? -- Ek het hier gesê dat dit oorgedra was self aan die gemeenskap dat ons jong mense nodig het.

HOF : By watter vergaderings is dit gedoen? -- Die vergaderings wat gehou was met die gemeenskap.

Watter? -- Die vorige vergaderings. Ek sal nie weet wat die datums van die vergaderings was nie.

Ek het hier gehoor van 'n vergadering in April dink ek. Was dit by daardie vergadering of was daar tussenin ook nog vergaderings? -- Dit is voor die April vergadering. Dit is by die vorige vergaderings.

MNR. JACOBS : As julle die jeug as voorbeelde wou gebruik het wat aktief deelneem, dan het julle mos voorbeelde gehad met die fees? -- Ja, ons het hulle gehad.

Het dit nie toe resultate afgewerp nie? -- Wat se resultate?

In die sin dat die jeug van Evaton nou 'n voorbeeld gevind het en by julle aangesluit het? -- Nee, dit sê ek omdat daar nie van die jong mense was wat na daardie tyd by ons aangesluit het nie.

En ook met die "million signature" kampanje, het

julle/...

julle ook jong mense van ander plekke gebruik om 'n voorbeeld te stel en het julle nie toe resultate gekry nie? -- Die rede is hier dat die jong mense wat daar gebruik was, was nie daar gebruik as 'n voorbeeld nie. Hulle was net daar gebruik om hulp te verleen. Hulle het net hulp verleen.

Het beskuldigde nr. 5 op hierdie vergadering van 26 Augustus 1984 toe vir die jong mense daar verduidelik wat is die voordeel daarvan om aan organisasies te behoort? -- Nee, hy het nie.

Het hy nie verduidelik nie? -- Nee.

Het hy nie verduidelik wat se ondervinding hy het van organisasies en dat hy weet dit is goed om aan organisasies te behoort en waarvanaf hulle dan sal kom om die Evaton mense te help nie? -- Nee, ek kan my nie voorstel dat hy so iets gesê het nie.

Het hy verduidelik daar in die vergadering dat daar wel organisasies bestaan waaraan jong mense kan gaan behoort afgesien van ERPA? -- Nee, hy het dit nie gesê nie.

Het hy niks gemeld dat daar so 'n organisasie soos die Vaal Youth Congress bestaan waarvan hy 'n lid is nie? -- Nee, hy het nie daarvan gepraat nie.

Het hy nie verduidelik dat daar 'n organisasie soos COSAS is waaraan die skoolkinders kan behoort nie? -- Nee, hy het nie.

So, hy het eintlik gedoen in verband met dit wat julle wou gehad het hy moet kom sê op die vergadering nie? -- Hy het deur homself daar teenwoordig te maak by hierdie vergadering.

Weet jy hoe oud is beskuldigde nr. 5? -- Ek is nie seker nie. U sal onthou u het my nou die dag ook gevra. Ek het

gesê/...

gesê ek is nie seker van sy ouderdom nie. Ek skat hom ongeveer 25 of 26.

Toe beskuldigde nr. 5 vir julle gesê het daar op die vergadering dat die jeug is bereid en die jeug in die meervoud, neem ek aan, om te help met die probleme van Evaton, het hy - laat ons dit liewer duidelik kry, het hy daardeur gesê dat die jeug as ŉ groep is bereid om te help? -- Ek het hier gesê ek het net die trant van sy toespraak aan die Hof oorgedra. Dus is ek nie in staat om vir die Hof te sê toe hy gepraat het van die jeug, of hy gepraat het van die jeug in ŉ klomp en of hy gepraat het van die jeug, dit wil sê dat ŉ enkele persoon in die gemeenskap van die jeug bereid is om te help nie.

Toe hy nou gepraat het van die hulp wat die jeug sou aanbied, het hy nie daarop uitgebrei en daarop gewys dat ouers en die jeug moet saam werk in die vryheidstryd en die stryd teen apartheid nie? -- Nee, hy het nie so gesê nie.

Het hy nie die gedagte oorgedra aan die gehoor daar dat daar sal eenheid en aksie moet wees dat hulle moet saam staan in die stryd nie? -- Nee.

Was sy toespraak maar baie kort gewees? -- Ja, eintlik het hy dit in Engels geskryf gehad. Hy het van die geskrewe toespraak gelees.

En sy toespraak in wese was dan eintlik net dat hy gesêr het dat die jeug sal help met die probleme van Evaton omdat sy ouma ook ŉ standplaas het? -- Ja, dit is wat hy gesê het.

Het hy niks meer as dit gesê nie? -- Nee.

Het hy nie in sy toespraak ook gepraat en ek wil weer die woord gebruik om dit duidelik te maak aan jou, ŉ mondelingse aanval op raadslede en dat hulle nie aanvaarbaar

is/...

is vir die gemeenskap in die hele Vaal Driehoek nie? -- Nee.

Het hy enigiets gesê oor raadslede in Sebokeng? -- Wat hy wel van gepraat het was aangaande die Stadsraad van Evaton wat besig was om die herbeplanning uit te voer en welwetende dat dit mense van Evaton in probleme sal laat beland.

Het hy gesê wat moet die mense doen omtrent hierdie raad van Evaton, die dorpsbestuur van Evaton? Noem dit liewers die dorpsbestuur? -- Nee, hy het nie gesê nie.

Het hy gesê wat se probleme sou hulle veroorsaak vir die inwoners van Evaton? -- Nee, behalwe dat hy gesê het dat hierdie herbeplanning sal mense se grond oorneem. Dit is die probleem wat ek kan sê hy van melding gemaak het by hierdie vergadering.

Het beskuldigde nr. 5 op hierdie vergadering vir die mense vertel dat hy die vorige dag 'n ander vergadering bygewoon het waar daar ook oor die griewe van die mense gepraat was? -- Nee.

Het hy niks gemeld van 'n beslissing wat op daardie vergadering geneem was wat hy die vorige dag, die 25ste bygewoon het omtrent 'n wegbly-aksie of 'n opmars van 3 September nie? -- Nee, hy het nie daarvan gepraat nie.

MR BIZOS : My Lord, in order to stop the search for accused no. 5's age, could we place on record that he will turn 27 on 18 July 1987.

COURT : Yes, it was not a great problem, because in the bail application which we have, his age is set out, if I remember correctly.

MR BIZOS : It is given correctly on the face of the indictment.

MNR. JACOBS : Kom ons gaan dan na Rina Mokoena toe. U sê

sy/...

sy het namens VOW daar kom praat op die vergadering van julle? -- Ja.

Wanneer het jy nou vir die eerste keer geweet sy is die spreker wat sal optree as die spreekster van VOW? -- Die dag toe sy by hierdie vergadering gekom het.

Jy sal dit nie betwis nie dat dit is beskuldigde nr. 17 wat haar gewerf het as die spreker van hierdie vergadering van julle? -- Ek weet nie.

Ja, maar jy kan dit nie betwis as dit so is nie? As sy so sê dat beskuldigde nr. 17 het haar kom vra om te praat op julle vergadering, dan kan jy nie sê dit is verkeerd nie? -- Ek kan nie sê of dit reg of verkeerd is nie.

Was die tema van haar toespraak nie dat eenheid in aksie resultate oplewer nie? -- Nee, sy het nie so gepraat nie.

Het sy nooit verwys na wat eenheid te weeg kan bring nie? -- Behalwe dat sy gesê het Evaton se inwoners moet bymekaar staan met die oog daarop om hulle plek te beskerm.

Het sy dit nie so gestel dat eenheid in aksie moet toegepas word in Evaton ook nie? -- Nee.

Het sy nie enige voorbeelde daarso vir julle geskets dat eenheid in optrede sukses bring nie? -- As ek nou reg onthou het sy melding gemaak van die vroumense wat opmarsjeer het na Pretoria. As ek reg onthou het sy melding daarvan gemaak.

Is dit die enigste insident wat sy na verwys het waar eenheid in optrede sukses gebring het? -- Sy het nie daarvan gepraat dat die mense "they were united in action" nie. Al wat sy gesê het is die mense het soontoe gegaan.

Hoekom het sy daarna verwys? In watter sin? Wat

was/...

was haar boodskap? -- Die boodskap daar was dat die vroumense moet besef dat vroumense ook iets kan doen. Byvoorbeeld die mense wat hier marsjeer het, was vroumense wat na Pretoria toe gegaan het.

Vir watter doel? Hoe het sy gesê? Hoe het sy verduidelik? -- Nee, sy het nie gesê nie.

Het sy in haar toespraak enigsins aanvalle geloods, mondelingse aanvalle teen raadslede, hetsy van Evaton, hetsy van Sebokeng? -- Nee, sy het nie.

Het sy nie gesê dat raadslede moet bedank nie? -- Ek kan nie onthou dat sy so gesê het nie.

HOF : Sê u sy het nie so gesê nie of sê u dat dit moontlik is dat sy dit gesê het maar u onthou dit nie? -- Sy het nie so gesê nie.

MNR. JACOBS : Kan jy onthou, het sy enigsins verwys na raadslede in haar toespraak? -- As ek reg onthou het sy melding gemaak van huur, dat hulle dit moeilik vind om die huur te bekostig as gevolg van die optrede van Lekoa Stadsraad wat dit veroorsaak.

Wat het sy nog daaromtrent gesê? Wat is die belang daarvan dat sy dit aanhaal op hierdie vergadering? -- Sy het gesê sy het vroeër in Evaton gewoon. Die huur was nie vir haar moeilik om te betaal nie en selfs toe sy nou te Sebokeng ingetrek het, was die huur nie moeilik gewees om te betaal nie. Dit wil sê aan die begin.

Wat nog? Gaan aan? -- Dit is omtrent al wat ek kan onthou wat sy gesê het oor die Raad.

Het sy iemand verantwoordelik gehou daarvoor omdat hierdie huur nou skielik so onbetaalbaar hoog geword het? -- Ek weet nie of sy dit genoem het dat die rede was van die

Dorpsraad/...

Dorpsraad van Lekoa dat die huurgeld nou so verhoog het dat mense dit nie meer kan betaal nie.

Sê jy sy het dit nie gesê nie of kan jy nie onthou dat sy dit gesê het nie? -- Ek sê ek kan nie meer onthou of sy so gesê het nie.

Kan dit moontlik wees dat sy dit wel gesê het en Lekoa se Stadsraad geblameer het vir die verhoogde hure? -- Ja.

HOF : Het sy Lekoa Stadsraad geblameer vir die verhoogde huur? -- Ja.

MNR. JACOBS : Is dit moontlik dat sy kon gesê het dat daar aksie geneem moet word teen hierdie Stadsraad se lede wat verantwoordelik is vir die hoë huur? -- Nee, sy het dit nie gesê nie.

Sy het niks daarvan gesê nie? Jy is daarvan seker?-- Sy het niks van daardie aard gesê nie.

Sy het glad nie gesê dat hulle moet bedank nie? -- Nee.

En as hulle nie wil bedank nie, dan moet hulle gedood word? -- Sy het glad nie so gesê nie.

Beskuldigde nr. 17 het daar ʼn toespraak gelewer. Is dit reg? -- Hy het iets te sê gehad. Ek sal nie sê dit is ʼn toespraak wat hy gelewer het nie, want hy was in die geselskap van Esau en Edith toe ek hom, beskuldigde nr. 17, versoek het om te verduidelik oor die "million signature". Wat ek daarby bedoel is, die drie het saam daar aangekom. Met hulle aankoms daar het ek ʼn versoek aan hulle drie gerig dat hulle die "million signature campaign" moet verduidelik, as gevolg waarvan al drie van hulle iets te sê gehad het omtrent die versoek van my.

Verstaan ek jou getuienis nou reg dat jy sê jy het aan al drie van hulle die versoek gerig om iets te sê oor die

"million/...

"million signature campaign"? Dit is net ja of nee? -- Nee.

As jou antwoord nee is, verstaan ek jou antwoord wat nou net vir die Hof gegee het glad nie. Dan is dit ŉ verkeerde antwoord wat jy gegee het, nè? -- Verstaan nou hierdie antwoord wat ek vir jou gee. Ek sê ek het die drie van hulle versoek om daar iets te sê. Die rede daarvoor is dat na Esau gepraat het, het die ander twee ook daar gepraat. Ek het nie ŉ beswaar gemaak dat hulle gepraat het na Esau se woorde wat hy gesê het nie.

Maar jy sê toe hulle drie daar gekom het, het jy hulle jy gebruik die meervoudswoord hierso, versoek om iets te sê? -- Ja, ek sê dit omdat ek Esau versoek het en na Esau gesê het wat hy gesê het omtrent my versoek, het hulle ook toe daaromtrent gepraat en ek het geen beswaar daarteen gemaak dat hulle moet praat nie. Dus is hulle ook toegelaat om daaroor te praat. Met die gevolg sê ek dat ek hulle almal versoek het.

Jy sal saamstem daar is ŉ groot verskil tussen versoek en toelaat. Is dit nie? -- Onder daardie omstandighede is daarnie ŉ verskil nie.

Nou kom ons nou weer terug na my aanvanklike vraag aan jou. Het beskuldigde nr. 17 ŉ toespraak gelewer op daardie vergadering? -- Ja, dit is so.

En op daardie vergadering was hy dan toegelaat om te praat as ŉ spreker van VCA? -- Ek het hulle nie daar versoek om toesprake te maak omdat hulle lede was van VCA nie. Ek het hulle versoek om iets te sê daar omdat hulle goeie kennis gehad het van die "million signature campaign".

U sien, daar sê u weer u het hulle versoek. Asseblief, gebruik jou antwoord reg. As dit nie versoek was nie,

moet/...

jy die regte woord gebruik of as jy hulle al drie versoek het om te praat, dan sê jy vir ons jy het hulle al drie versoek om te praat. As jy hulle nie al drie versoek het om te praat nie, dan sê jy wie het jy versoek om te praat? -- My antwoord in daardie sin is eintlik omdat ek Esau gevra het en die ander twee het ook gepraat. Later het dit gekom dat u my vra van die ander twee, maar omdat ek hulle toegelaat het dat hulle moet praat op dit wat ek versoek het aan een persoon, het ek hulle gesamentlik geneem as mense wat gepraat het as gevolg van my versoek. Sal dit dan toegelaat word as ek hulle twee uitgelaat het dat ek hulle nie versoek het om te praat nie.

Jy sien, dit is wat ek van jou wou uitgevind het. As jy hulle nie versoek het om te praat nie, hoe het dit dan gekom dat beskuldigde nr. 17 gepraat het? -- Ek het Esau versoek om oor die "million signature campaign" daar 'n woord te sê en na ek hom versoek het, het hulle ook daaromtrent gepraat. Ek het toegelaat dat hulle praat omdat hulle ook daarvan gepraat het.

Verstaan ek jou dan nou reg dat beskuldigde nr. 17 sowel as Edith het albei net gepraat oor die "million signature" kampanje, want jy sê daaromtrent gepraat het? -- Nee, Edith het ook van VOW gepraat.

En beskuldigde nr. 17? -- Hy het gepraat van die "million signature campaign" en ook met die mense van Evaton direk gepraat. In hierdie geval het hy gepraat van die "united", dat hulle moet "unite" om teen die probleme van Evaton te kan wees.

Hoe het hy gesê teen wie moet hulle "unite"? -- Hy het gesê aangesien hulle nou in hierdie probleme is, kan hulle

die/...

die probleme wen op een manier, dit is as hulle nou "unite" het.

"Unite" teen wie? -- Vir hulle om bymemaar te kom om hulle self te beskerm teen hierdie probleme.

HOF : Beskerm teen wie? -- Die hoofrede vir dit was hierdie herbeplanning. Ek het dus verstaan dat hy bedoel dat hulle hulle self moet beskerm teen hierdie herbeplanning om sodoende hulle grond te beskerm.

MNR. JACOBS : Maar ŉ mens beskerm mos net iets teen iets, teen ŉ dreigement van iemand beskerm jy dit mos? Nou vra ek weer vir jou, teen wie met hulle verenig? -- Daar was nie ŉ persoon teen wie hulle hulle self moes beskerm het nie. Dit wil sê om te verenig het beteken dat hulle hulle self moet beskerm teenoor die herbeplanning. Dit is die beskerming van hulle grond.

Het hy in sy toespraak daarso verwys na raadslede en gesê die mense moet vereniging ter beskerming teen die raadslede, hetsy van Evaton of van Sebokeng? -- Hy het geen melding gemaak van ŉ raadslid of die Raad nie.

Hoegenaamd nie eers na hulle verwys nie? -- Nee, hy het nie.

Het hy enigsins gesê dat die raadslede moet bedank, hetsy van Evaton of van Sebokeng? -- Nooit nie. Die man het nie eers vyf minute geneem in sy toespraak nie. Eintlik het geeneen van hulle wat toesprake gemaak het, het meer as dit geneem in ŉ toespraak nie.

Ek het nie vir jou gevra hoe lank het hulle geneem nie. Ek het vir jou gevra het hulle enigsins - het hy enigsins gesê dat raadslede moet bedank. Dit is ŉ maklike vraag?-- Nee.

En/...

En het hy enigiets gesê dat as hulle nie bedank nie daar drastiese stappe teen hulle geneem moet word? -- Daar bestaan nie so iets nie.

Kom ons vat dan die volgende spreker. Dit is Esau Raditsela. -- Die volgende spreker na wie?

Ek vat net die volgende spreker. Ek sê nie na iemand nie. Ek behandel die volgende spreker wat ek nog nie behandel het nie. Of sal ek sê nog 'n spreker as dit jou gelukkiger sal maak. Esau het jy gesê het jy gevra spesifiek om te praat oor die "million signature campaign"? -- Ja.

En as ek reg onthou het jy in jou getuienis-in-hoof gesê hy het ook vorms daar gehad wat hy beskikbaar gestel het vir die mense om te teken? -- Nee, ek het dit nie gesê nie.

Het hy vorms gehad? -- As daar vorms was, sou ek gesê het hy het vorms gehad, maar ek het nog nie so gesê nie.

Ek vra vir jou het hy van die vorms wat julle gebruik het om die petisie of wat 'n mens hom ook al noem, daardie "million signature campaign" vorms wat geteken moet word deur die lede van die publiek, daar gehad? Ja of nee. Dit is 'n simpel vraag. -- Hy het dit nie gehad nie.

Was daarso enige vorms beskikbaar op daardie vergadering? Nie wat Esau gebring het nie of wat enigiemand anders na daardie vergadering toe gebring het? -- Ek het dit nie gesien nie.

Was daar op hierdie vergadering enige tekening van die sodanige vorms gedoen of nie? -- Nie binne-in die vergadering waar die vergadering gehou was nie.

Buitekant die vergadering? Buitekant die saal? -- Ek het dit nie gesien nie.

So, by daardie vergadering was geen vorms wat geteken

was/...

was nie? -- Ja, glad nie.

Wat het Esau toe - wat wou jy gehad het moes Esau verduidelik aan die mense op daardie vergadering omtrent die "million signature" kampanje? -- Dat die mense daar moet weet daar bestaan so 'n kampanje. Die kampanje word uitgevoer namens UDF.

Het jy en Esau vooraf gereël dat hy daarso sou kom om te verduidelik aan die mense omtrent die "million signature" kampanje? -- Nee.

Nou hoe sou daardie mense geweet het dat daar so 'n kampanje bestaan en dat dit uitgevoer word namens UDF? -- Die rede hoekom ek vir Esau gevra het om daarop te verduidelik is omdat ek hom gesien het daar inkom net voor die vergadering uiteen gegaan het en omdat ek geweet het dat hy op hoogte is daarvan, het ek hom dus gevra om dit oor te dra deur middel van verduideliking aan die mense.

Jy antwoord weer nie my vraag nie. Luister na my vraag. My vraag aan jou was gewees hoekom was dit belangrik dat aan hierdie mense op hierdie vergadering verduidelik moes word van die bestaan van die "million signature" kampanje en dat dit gevoer word deur UDF? -- Die rede daarvoor was die volgende. In die eerste plek was ons al 'n lid van die UDF in die sin dat ons alreeds geaffilieer het aan hulle en hier is 'n kampanje wat uitgevoer word namens die UDF deur VCA en hier kom hierdie mense toevallig daar wat alreeds besig is met die uitvoer van die kampanje en op 'n later stadium sal dit by ons ook so wees daar in Evaton om die mense van ons te versoek dat hulle ook hierdie kampanje se vorms moet teken. Dus het ek versoek dat hierdie man met sy kennis dit verduidelik aan ons mesne van Evaton.

En/...

En was dit ook om die kampanje van die UDF te bevorder? -- Nee.

Dit is interessant en was dit ook nodig dat die mense moet weet dit is ꞌn UDF kampanje sodat die UDF daar gepopulariseer word? -- Nee.

Dan verstaan ek nie dat die mense nou spesifiek moet weet dit is ꞌn UDF kampanje nie? -- Wat is dit wat u nie daar verstaan nie?

Hoekom moes die mense dan weet dit is ꞌn UDF kampanje? -- Omdat dit aan UDF behoort het.

Wat het Esau toe vir die mense verduidelik? -- Die volgende was deur Esau aan die mense daar verduidelik. Die kampanje wat uitgevoer word is UDF se kampanje en ons mense, met verwysing na die Evaton Ratepayers Association, is alreeds geaffilieer met UDF, dit wil sê vorm nou ꞌn gedeelte van UDF, sal nou in staat wees om die kampanje uit te voer deur handtekeninge te verkry namens UDF.

Het hy daar aan die mense verduidelik hoekom moet hulle die vorm teken? -- Nee.

Hy verduidelik nie vir mense wat niks weet van so ꞌn ding "Kyk, julle gaan gevra word om te teken en dit is die rede waarom julle moet teken" nie? -- Nee, hy het dit nie verduidelik nie.

Het hy aan die mense verduidelik wat is die "million signature campaign"? -- Ek kan nie onthou nie.

Hy verduidelik dit nie eers aan die mense nie. Het hy darem vir hulle gesê wat gaan gebeur met hierdie vorms as hulle dit teken? -- Ek het vroeër aan u gesê dat die persoon nie lank geneem het in sy toespraak nie en die dinge wat u nou aan my stel of wat u my oor vra of hy dit gesê het,

al/...

al dan nie, besef u seker dat dit nie in ŉ kort tydjie gesê kon gewees het nie.

Ek het nie vir jou gevra hoe lank het die mense gepraat en wat hulle kon gesê het en nie kon gesê het nie. Ek vra vir jou wat het werklik daar gebeur? Ek sal bly wees as jy my vrae antwoord sodat ons kan aangaan, want elke keer ontwyk jy my vrae, dan moet ŉ mens dit twee, drie keer vir jou vra. Ek vra jou nou weer, het hy nie verduidelik aan daardie mense waarvoor wil hulle die handtekeninge hê en wat gaan met die vorms gebeur nie? -- Watter vorms?

Van die "million signature" kampanje. Ons praat nog die heeltyd van daardie vorms? -- Ek wil hierdie Hof laat verstaan dat ek ŉ persoon is wat aan hoë bloeddruk ly. Met die gevolg ek neem behandeling. Ek het medisyne wat ek gebruik daarvoor en ek het alreeds verskeie op antwoord aan die Staatsadvokaat verduidelik wat my antwoord is op die vraag. In die loop van hierdie vrae wat herhaal word, word ek sommer naar vir hierdie tipe vrae as gevolg waarvan ek hoofpyn kry. Ek ly aan hoofpyn as gevolg van hierdie siekte van my. Dus het ek al verskeie kere dieselfde ding herhaal en geantwoord.

HOF : Luister, ek het vir u gesê aan die begin en ek wil dit herhaal dat u te enige tyd geregtig is om te sit as u wil en ek wil daarby voeg dat as u voel dat u ŉ hoofpyn het wat u nie in staat stel om die vrae behoorlik te beantwoord nie, u vir my so moet sê, dan kan ons ŉ ruk verdaag. -- Ek verstaan wat die Hof sê. Ek het my bes probeer om aan te hou, maar na aanleiding van die manier waarop ek nou gevra word, sal ek dus vir die Hof vra om te verdaag as gevolg van die pyn wat ek het.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MORAKE PETRUS MOKOENA, nog onder eed

MR TIP : My Lord, may I place on record our appreciation for the adjournment before lunch.

COURT : What is the situation now?

MR TIPE : I understand that the witness is well enough to resume his evidence.

HOF : Wanneer u voel dat u nie in staat is om voort te gaan nie, deel my dit mee. -- Ek maak so. Dankie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mokoena, die laaste vraag wat ek vir u gevra het en wat u nog nie geantwoord het nie, was het Esau aan die vergadering daar verduidelik, aan die mense op die vergadering wat gaan gebeur met hierdie vorms nadat die mense dit geteken het? -- Nee, hy het nie.

Hy het niks daaromtrent verduidelik nie? -- Nee.

Het hy enigiets in die verduideliking wat hy daar gegee het omtrent die "million signature" kampanje iets gesê dat dit gekoppel moet word aan plaaslike probleme? -- Nee.

Soos byvoorbeeld 'n probleem van die onaanvaarbaarheid van die raadslede wat nie die wil van die mense doen nie? -- Nee.

So, is dit dan al wat hy gesê het van die "million signature kampanje dat julle dit bedryf daarso en dat die mense dit moet teken. Is dit al wat hy gesê het? -- Wat hy gesê het is dat ons is ook in staat om die mense te laat teken vir hierdie "million signature" kampanje.

Het hy gepraat oor die dorpsbestuur van Evaton of oor die Lekoa Stadsraad? -- Nee.

Het hy nie gesê die raadslede is nie aanvaarbaar nie en hulle moet gevra word om te bedank, dit wil sê hetsy van

altwee/...

altwee hierdie besture nie? -- Nee.

Ek het nou vir jou van elkeen van hierdie sprekers se toesprake daar gevra behalwe nog Edith. Het Edith enigiets gesê omtrent raadslede of die onaanvaarbaarheid van raadslede en dat hulle moet bedank? -- Nee.

Het sy hoegenaamd niks verwys na raadslede of dat hulle moes bedank nie? -- Nee.

Om dit dan saam te vat, ek het probeer om dit vas te stel van die sprekers van ERPA en ander sprekers as van ERPA wat op daardie vergadering gepraat het en sover ek jou getuienis dan verstaan, verstaan ek dit reg dat niemand het daarso op daardie vergadering van 26 Augustus 1984 ŉ aanval geloods teen raadslede nie? -- Behalwe die toespraak waarin gesê was dat die Stadsraad wat daar bestaan het, kom nou die besluite van die gewese Gemeenskapsraad uitvoer. Dit is aangaande die herbeplanning.

HOF : O, die nuwe Stadsraad voer die Gemeenskapsraad se besluite uit? -- Dit is reg.

MNR. JACOBS : En dit is wat jy gesê het? -- Ja.

Maar my vraag aan jou is, niemand op hierdie vergadering, hetsy van ERPA of van die gassprekers het gesê dat die raadslede doen nie hulle werk nie en hulle moet bedank nie? -- Nee, ek kan dit nie onthou nie.

Laat ons net duidelik verstaan, as jy sê jy kan dit nie onthou nie, is dit moontlik dat dit gesê was of is dit glad nie gesê nie? -- Wat ek daarby bedoel, ek kan nie hierdie spesifieke dag onthou of dit nou gesê was al dan nie, want gewoonlik is daar maar so ŉ gesprek dat hulle moet bedank in verskillende vergaderings, maar op hierdie een kan ek nie onthou dat daar melding van gemaak was nie.

En/...

En dat hulle moet bedank? Kan jy onthou of daarvan melding gemaak was? -- Ek kan nie onthou nie.

Toe jy met die verdediging se regsverteenwoordigers onderhandel het, het jy toe vir hulle gesê, kan jy onthou of jy toe onthou het enigiets hieromtrent, dat die raadslede nie hulle werk doen nie en dat hulle moet bedank? -- Ek sal nie alles kan onthou presies wat daar plaasgevind het met die konsultasie met die verdediging nie, want dit self het lank gelede plaasgevind en op die oomblik wat ek sê is dat dit gebeur het in daardie tyd dat daar so 'n versoek was dat die raadslede moet bedank. Selfs in my tyd terwyl ek nog op die Raad gedien het, was daar so 'n gesprek gewees.

Jou verklaring - toe jy jou weergawe aan jou regsverteenwoordigers gegee het, was dit neergeskryf? -- Daar is van die dinge wat ons daar bespreek het sonder om enige notas daarvan te maak. Daar is van die dinge wat genotuleer was.

Kom laat ons nou nie doekies omdraai en speletjies speel nie. Omtrent die vergadering van 26 Augustus het jy aan jou regsverteenwoordiger vertel wat jy daarvan onthou en het hulle dit neergeskryf? -- Ek het mondelings aan hulle oorgedra waarvan ek weet.

Het hulle dit neergeskryf? Jy was mos teenwoordig? Jy het mos daar by hulle gesit? -- Kyk, die konsultasie is gedoen op verskillende geleenthede deur verskillende persone. Wat betref hierdie spesifieke vergadering is ek nie in staat om vir u te sê dat daar enige geskrewe besprekings was al dan nie.

Kort voor jy hier in die hof kom getuienis gee het, is jou verklaring wat hulle geskryf het van jou nie met jou deurgegaan en gehoor wat sê jy nog en om nog verduidelikings

te/...

te gee nie? -- Ja, dit het gebeur.

Is jou verklaring stapsgewyse met jou behandel soos dit neergeskryf is en was jy gevra daaromtrent verder? -- Dit is wat ek sê. Ek het nie hierdie verklaring op een dag aanmekaar gemaak nie. Ek het by verskillende konsultasies verklarings gemaak en dit het plaasgevind lank gelede op verskillende tye.

Antwoord dan nou my vraag. Toe julle konsulteer het net voor jy na die getuiebank toe gekom het, was hierdie verklarings met jou behandel? Het jy insae in hulle gehad? Het jy hulle gelees? -- Ja, ek het dit deurgelees.

En is jy dan daarop gevra weer om uit te brei of om duidelik te maak en so aan? -- Ek was wel so gevra om uit te brei, maar ek kan nie onthou aangaande hierdie spesifieke vergadering waarna verwys word nie.

In jou verklaring, is daar enigiets omtrent hierdie spesifieke vergadering wat jy nou onlangs weer deurgelees het en waaroor jy intensief gevra was?

HOF : Hoe bedoel u nou?

MNR. JACOBS : In hierdie verklaring van jou, was daar 'n verwysing en 'n uiteensetting van hierdie betrokke vergadering van 26 Augustus 1984? -- Ja, daar is verwysings met betrekking tot daardie vergadering.

En in hierdie verklaring van jou, is dit daarin gemeld dat jy kan nie onthou wat die mense gesê het nie op daardie vergaderings of wat het jy gedoen? -- Die posisie is volg dat ek nie presies die woorde kan aanhaal wat gebesig was deur die spreker daar nie. Ek kan wel vir die Hof sê wat die trant van sy toespraak was.

Voordat ek na die volgende aspek toe gaan, wil ek

net/...

net duidelikheid kry. Jy sê beskuldigde nr. 17 het ook oor hierdie "million signature" kampanje verduidelik? -- Ja, hy het dit ook geraak in die woorde wat hy gebesig het.

Het hy daarin verduidelik toe hy dit geraak het hoekom die mense hierdie vorm moes teken? -- Hy het dit nie verduidelik nie.

Het hy verduidelik wat die "million signature" kampanje is? -- Nee.

Het hy verduidelik wat gaan gebeur met die vorms nadat die mense dit geteken het? Dit is die vorms ten aansien van die "million signature" kampanje? -- Nee, hy het nie van die vorms melding gemaak nie.

Het hy in sy verduideliking daarvan melding gemaak dat hierdie kampanje, die "million signature" kampanje kan gekoppel word aan enige plaaslike probleem wat deur die gemeenskap ondervind word? -- Nee.

Wat het hy gesê omtrent hierdie kampanje? -- In sy raking van die "million signature" kampanje het hy gesê dit het al gebeur in die verlede dat ons saam gewerk het, dit wil sê VCA en ERPA in die verkryging van die handtekeninge vir die "million signature" kampanje.

Wat nog? -- Hy het toe daarna gesê die inwoners van Evaton sal bymekaar moet kom en 'n eenvormige lid word sodat hulle in staat kan wees om hulle probleme te kan bespreek.

HOF : Wat bedoel jy met 'n eenvormige lid? -- Daar by bedoel ek dat hulle moet "unite" om saam te kan werk om die probleme van Evaton te kan oplos.

MNR. JACOBS : So, hy het nie verder uitgebrei oor die "million signature" kampanje nie? -- Niks nie.

Hierdie twee mense met die besondere kennis, as ek

jou/...

jou getuienis vandag hier reg verstaan, het niks gedoen om te verduidelik wat is hierdie kampanje nie? -- Ek weet nie of hulle goeie kennis het nie, maar hulle het nie verduidelik nie.

Dit is vir my 'n interessante antwoord wat jy gee dat jy weet nie of hulle goeie kennis het nie. Was jou motivering dan nie in hierdie hof gewees juis omdat Esau so baie geweet het van die kampanje, dat jy hom gevra het om te praat en vir die mense te verduidelik wat dit is nie? -- Ja, dit is reg, dit is wat ek gesê het, maar nie op hierdie manier soos u dit nou beskrywe het nie.

Het hy nie besondere kennis gehad van hierdie kampanje nie? Sê u nou hy het nie? -- Ek het in my gedagte gehad dat hy miskien beter kennis gehad het aangesien VCA alreeds dit aangepak het.

Maar julle het dit mos saam aangepak? Jy weet mos? -- Die rede is dat hulle vroeër, voor ons, die vorms bekom het, met dié dat ons aanvaar het dat hulle miskien beter kennis as ons opgebou het.

Ek wil jou terugverwys na die getuienis van Rina Mokoena weer, volume 38 op bladsy 1 765. Ek wil vir jou die volgende lees daarso. Dit is van die 13de reël af. Dit was toe aan haar so gestel "You are not sure. Do you recall that Mr Raditsela made a short speech about the million signature campaign? Do you recall that he made a short speech and he handed out forms for the people to sign in support of the million signature campaign?" Wat sê jy nou daaromtrent? Dit is baie beslis verskillend van wat jy vandag hier vir die Hof gesê het. Stem jy saam? -- Wat ek wil hê u moet verstaan is dat ek geen kennis dra van vorms wat daar

beskikbaar/...

beskikbaar was nie, ook nie van enige aantekenings wat gemaak is dat daar handtekeninge bekom was op enige vorm van enige aard nie.

Jy stem saam dit is ŉ verskillende - ek sal my vraag herhaal - weergawe wat hier gestel is as wat jy hier vir die Hof gesê het. Stem jy saam daarmee? Dit is maklik. Ja of nee? -- Wat ek sê is dat ek kan my nie voorstel dat daar enige vorms daar te voorskyn gebring was en of daar enige vorms geteken was nie. Dit kan wees dat ek miskien vroeër daar weg is, want soos ek alreeds gesê het mense van Evaton was haastig gewees en dus vroeër die vergadering verlaat.

Ek sal nou vir jou vir die derde maal vra. As jy dit nie wil antwoord nie, is dit jou keuse. Stem jy saam dit is verskillend van wat jy vir die Hof vertel het vandag? -- Ek weet nie op grond waarvan so ŉ stelling gemaak was aan hierdie getuie nie, maar wat ek wel vir die Hof hier wil laat verstaan is die volgende. Dat as daar vorms was van die VCA mense wat hulle by hulle gehad het, is ek nie daarvan bewus nie en tweedens, as die vorms daar geteken was, sonder dat ek daarvan kennis gedra het, kan ek nie daaromtrent getuig nie. Dus kan ek nie sê of daar vorms was al dan nie.

Maar die stelling is tog hierso duidelik dat hy het die vorms uitgedeel en die mense gevra om te teken. Het daar nie so iets gebeur nie? -- Nie in ons vergadering nie. Dit het nie gebeur nie.

Ek wil aan jou verder lees want dit word weer herbevestig in wat gestel word wat beskuldigde nr. 17 sou gedoen het. Net die volgende paragraaf. "Yes, and do you recall that Mr Matlole, the absent elderly gentleman who is accused

no. 17/...

no. 17 before His Lordship, speaking very briefly, supporting what Raditsela had called for, namely that the people should sign the form." -- Nee, ek kan nie van die vorms onthou nie.

Ek wil dan net met jou teruggaan na sekere aspekte wat ek aan jou wil stel uit hierdie stukke uit. Onthou jy het vir die Hof gesê dat Rina Mokoena het nie gesê dat hulle 'n eenheid moet vorm en met eenheid kan hulle sukses behaal nie. Is dit reg? Jy het so gesê. Onthou jy? -- Wil u nou weet of ek so gesê het of het ek ontken dat dit so was?

Ja, dat jy ontken het dat dit so was? -- Ja.

Ek wil dan vir jou lees uit bladsy 1 762 volume 38. Die tweede laaste paragraaf "Where the theme of your speech was that unity brings results ..." (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit is nou gestel aan Rina Mokoena?

MNR. JACOBS : Aan Rina Mokoena. Dan verder "And you relate that to the achievement that you and the other mothers had managed earlier in the year. You remember that, Mrs Mokoena?" Dan kan ek jou net inlig, ek wil dit nie aan jou stel nie, net die volgende sê om dit vir jou volledig te bring, die sukses waarna verwys word is wat hulle, Rina Mokoena en ander gehad het in die Vaal ten aansien van onderwys. -- Ek weet nie van die goed nie. Dit is dinge wat ver van my af plaasgevind het.

Hoe kan jy nou sê dit is dinge wat ver van jou af plaasgevind het? Jy was dan op die vergadering? -- Ja, ek was by hierdie vergadering, maar wat ek probeer sê is dat die gebeure lank gelede plaasgevind het. Ek weet nie waarnatoe wil u met dit gaan nie.

Jy hoef nie te weet waarheen wil ek gaan nie. Ek wil by jou die feite hê. Stem jy saam dat jou getuienis was

verkeerd/...

verkeerd hier toe jy gesê het daar is nie van eenheid gepraat nie en dat dit resultate bring nie? -- Dit hang af wie daardie instruksie gegee het wat dan betrekking gehad het op Rina Mokoena se toespraak.

Maar jy het vir ons gesê jy het instruksies gegee, 'n verklaring gemaak wat jy nou weer onlangs gelees het voor jy hier na die hof toe gekom het? -- Ja, ek het die verklaring gelees.

Het jy kommentaar op wat ek gestel het aan jou dat jou getuienis dan hier verkeerd is? -- My getuienis is die waarheid. Daar was van my mede-beskuldigdes wat ook by die vergadering teenwoordig was. So, ek sal nie weet van watter een hierdie spesifieke instruksie gekom het nie.

Wie is die ander beskuldigde wat jy na verwys? -- Beskuldigde nr. 5.

En nog? -- Ek praat van hom.

Is dit nie met jou bespreek om te vra hier is nou 'n botsing tussen julle weergawes, wat is nou die waarheid nie? -- Ek kan nie onthou dat ons dit bespreek het nie.

U sien, want ek wil verder gaan en vir jou verder lees op bladsy 1 761 daar in die middel 'n paragraaf wat begin met "Now, is it true, is it not, that councillors were accused of not doing their duty properly?" Wat sê jy daarvan? -- Wat is die beskuldiging nou daaromtrent, want ek het gesê Rina Mokoena het melding gemaak van die huur wat verhoog was.

Nee, dit is net andersom. Die stelling was hier gewees dat die raadslede op hierdie vergadering beskuldig was dat hulle nie hulle taak behoorlik uitgevoer het nie. Ek het netnou jou spesifiek daaromtrent uitgevra. Onthou jy?

-- Ek sê dan in antwoord op die vraag juis dat mev. Mokoena is die persoon wat dit gesê het in die sin dat sy gesê het die raadslede is nie mense wat veroorsaak het dat die huur verhoog word.

O, sê jy nou dit so? Ek het jou ŉ rukkie terug spesifiek daaromtrent gevra of sy die raadslede beskuldig het dat hulle verantwoordelik is die vir hoë huur en jy het dit ontken. Wat is nou die waarheid?

<u>HOF</u> : Is daar nie soortgelyke getuienis ten aansien van Sebokeng se raadslede nie?

<u>MNR. JACOBS</u> : Dit word nie gespesifiseer hierso nie.

<u>HOF</u> : Laat ons net eers hoor wat die getuie antwoord. -- Ek onthou my antwoord op hierdie tipe vraag as volg. Die vraag was wie het gepraat van die verhoging van huurgelde, wie is verantwoordelik daarvoor, waarop ek gesê het mev. Mokoena het melding daarvan gemaak en gesê die persone, verwysende na die Raad, is die mense wat verantwoordelik is vir die verhoging van die huur,

<u>MNR. JACOBS</u> : U Edele, as ek mag, ek het ongelukkig nie notas nie, ek is net op my geheue, ek het mnr. Hanekom gevra om te kyk, ek het hulle elke keer gekoppel hetsy Evaton se Raad of Sebokeng s'n.

<u>HOF</u> : Ek het ŉ nota hier daar is geen melding gemaak van ŉ raadslid of die Raad nie, maar nou het ek nie presies die verband nie. Dit gaan oor die vereniging teen raadslede van Evaton of Sebokeng en toe was die antwoord daar was geen melding gemaak van raadslede of van die Raad nie. Daar is nie na hulle verwys nie. Nooit gesê hulle moet bedank nie. Maar dit is waarskynlik in verband met die mense wat later gepraat het.

MNR. JACOBS : As ek reg onthou , die laaste paar vrae aan die getuie, om die ding duidelik te kry, of enigiemand daar van raadslede gepraat het, toe het hy gesê hy was die enigste persoon gewees wat verwys het na raadslede in die sin dat hulle die herbeplanning uitgevoer het.

HOF : In elk geval, die rekord moet maar vir sigself spreek. In elk geval, hierdie gedeelte handel nie met mev. Mokoena nie. Mev. Mokoena kom aan die beurt by reël 20. Die vorige deel wat u aanhaal is òf van beskuldigde nr. 5 òf van iemand anders.

MNR. JACOBS : Ek stel dit ook in die algemeen, dit was aan haar gestel gewees, maar daarom het ek gegaan oor elke getuie, ek wil nie hê ons moet mekaar misverstaan nie. Ek dig hierdie woorde nie toe dat dit is wat mev. Mokoena sou gesê het nie. Ek het gesê dit is aan haar gestel soos volg. Ek weet nie wie dit sou gesê het nie, maar dit is wat gestel was aan mev. Mokoena. -- Ja, ek hoor dit.

Ek lees dit dan ook verder in hierdie selfde sin, ek sê nie dat mev. Mokoena so gesê het nie, ek sê dit is gestel aan mev. Mokoena dat op hierdie spesifieke vergadering was dit dan ook en ek gaan verder vir jou lees "Yes, and the people were calling for their resignation." Is daar so gevra? -- Wat is die stelling?

HOF : Die stelling is dat daar gestel is aan mev. Rina Mokoena dat "the people were calling for their resignation" verwysende na die raadslede? -- Ek het alreeds gesê daardie beroep was gemaak by verskillende vergaderings. Ek kan dus nie sê by watter een en of dit op hierdie vergadering so gesê was nie, maar dit was die gewone ding wat plaasgevind het by vergaderings.

MNR. JACOBS : Stem u saam dat die hele trant van hierdie vergadering was eintlik teen die raadslede gemik en wat hulle doen wat die griewe van die mense, of die argwaan van die mense opwek? -- Hierdie vergadering met die oog daarop om besprekings uit te voer aangaande wat die raadslede doen of die raadslede en die Raad se doen en late in Evaton.

En dat hierdie doen en late van die raadslede is om nie hulle werk te doen nie en nie te werk vir die mense nie, maar teen die mense, teen die inwoners? -- Ja, u is heeltemal reg. Die Stadsraad van Evaton het gewerk daar om die grond van die eienaars af te neem en dit vir die Raad te gee, sodoende is daar teen die inwoners gewerk.

En die Sebokeng se raadslede het ook teen die inwoners gewerk om die huur op te sit? -- Dit weet ek nie.

Was dit dan nie daar gemeld nie? Jy het nou net gesê Rina Mokoena het dit daar kom vertel dat die Raadslede is verantwoordelik dat die huur opgegaan het? -- Dit het sy genoem as wat gedoen word deur die Stadsraad van Sebokeng en dit het sy genoem omdat sy nie daarvan gehou het nie.

En omdat die raadslede van altwee hierdie rade teen die belange van die inwoners werk, daarom is hulle nie aanvaarbaar vir die inwoners nie? -- Ek sê dit sonder om verskoning te vra, dat dit was eintlik die rede hoekom die vergadering bymekaar geroep was daar omdat ons besef het die Stadsraad van Evaton is besig om mense se eiendomme oor te neem sonder enige grondige rede. Dit sal ek nie voor verskoning vra nie. Ek noem dit ten sterkste. Hoe sou u self gevoel het, dat 'n persoon namens jou wil kom optree en terselfdertyd vir jou ontneem van jou besitting?

En daarby kom dit, daarom was hulle nie aanvaarbaar

vir/...

vir julle nie en ook nie die Sebokeng mense se raad was aanvaarbaar vir hulle nie? -- Ek weet nie hoekom Sebokeng s'n nie aanvaar word nie. Ek praat van Evaton. Dit is die rede wat ek aan u genoem het wat maak dat hulle nie aanvaar word nie.

En dit is ook duidelik aan die gehoor daar oorgedra dat hierdie raadslede moet nie aanvaar nie? Rade en raadslede? -- Nee, ons het nie aan die gehoor gesê dat hulle die raadslede of die Stadsraad of die Administrasieraad nie moet aanvaar nie. Wat ons wel gedoen het was om die mense se aandag te vestig op wat die rade gedoen het daar. Dit het nou afgehang van die persoon wat gehoor het of die persoon die mense gaan aanvaar of nie. Dit was nie vir ons om vir die mense te sê dat hulle nie die mense van die Raad moet aanvaar nie.

En dit is ook daar duidelik oorgedra aan die mense op die vergadering dat hierdie raadslede, van watter raad ook al, dorpsbestuur van Evaton of van Lekoa, dat hulle is "puppets" van die Regering, daarom is hulle nie vir julle aanvaarbaar nie? -- Dit is hoe ek dit aanvaar, ja. Wat my betref is die Town Council van Evaton maar 'n "puppet" van die Regering.

En dit is ook so tuisgebring onder die gehoor? -- Nee, luister, dit is my gedagte en nie die ander mense se gedagte wat ek nou aan u oorgedra het nie. Hoe die ander mense hulle aanvaar het, kan ek nie sê nie.

Maar die ander sprekers het dit duidelik oorgedra aan die gehoor die mense is "puppets" van die Regering, daarom is hulle onaanvaarbaar? -- Wat my betref, Evaton se raadslede is maar "puppets".

Ja, ek aanvaar wat jy sê, maar jy antwoord nie my vraag

nie/...

nie. Die vraag is ŉ eenvoudige een. Is dit reg so dat die ander sprekers het dit oorgedra aan die gehoor dat hierdie mense is "puppets" van die Regering? -- Ek het niemand gehoor dit sê nie.

Wel en daarom het die mense toe ook gesê, die sprekers, dat hierdie raadslede moet bedank? -- Diegene wat sê die raadslede moet bedank in Evaton, is ŉ persoon wat weet presies wat se probleme die persoon ondervind het as gevolg van die bestaan van die raadslede.

HOF : Ja, maar dit is nou nie waarom dit gaan nie. Die vraag is of iemand gesê het - of iemand van die sprekers gesê het dat die raadslede moet bedank? -- Ek kan dit nie onthou nie.

MNR. JACOBS : Jy kan dit nie betwis nie? -- Ek sal dit betwis, want ek dra geen kennis daarvan dat dit ooit plaasgevind het nie.

Dit is gestel hier aan Rina Mokoena dat die mense daar aangedring het dat die raadslede moet bedank? -- Miskien, soos ek alreeds vroeër gesê het is daar ŉ moontlikheid dat van die beskuldigdes hierso, my mede-beskuldigdes, dit gehoor het en dus so ŉ instruksie oorgedra het.

En as ŉ mens so sterk voel teen ŉ organisasie of liggaam soos die raadslede, die dorpsbestuur van Evaton of dié van Lekoa, dan - en jy vra hulle om te bedank, dan moet jy mos ŉ plan maak ook? Stem jy saam? As hulle nie bedank nie, hoe gaan julle iets doen om hulle weg te kry? -- Luister, in Evaton, in my tyd toe ek nog in die Raad was, dit wil sê die Gemeenskapsraad, was daar so ŉ oproep gemaak dat ons moet bedank. Dus met die tyd van die Evaton se Stadsraad het ons presies geweet hoe gaan ons dit teësit as hulle

nie/...

nie bedank nie. Dit is dat as hulle daar uitkom met hierdie pligte wat hulle moet uitvoer, gaan ons hulle net toestemming weier op ons plekke. Dit is al.

So, julle sou maar aanvaar het, as hulle nie bedank nie, dan moet hulle maar daar bly sit? -- Ja, op daardie manier sal daar geen samewerking met hulle wees nie.

En is dit nie dat julle so sterk daarop aangedring het dat hulle moet bedank, die raadslede, omdat hulle deel van die sisteem is nie, die apartheidsisteem? -- Wat is die boodskap? Wat wil u my laat verstaan met die apartheidsisteem?

My vraag is eenvoudig en die rede hoekom julle so teen hulle was en aangedring het om te bedank, is omdat hulle deel was van die apartheidsisteem? -- Kyk, die houding daar was die volgende, as 'n pesoon in die Stadsraad of in die Raad gaan dien het of om watter rede die persoon gehad het, maak dit nie verskil nie, maar as die bedoeling was dat hulle daar gaan dien met die oog daarop om ons grond oor te neem vir die Raad, dan sou daar geen samewerking bestaan het tussen ons nie. Ons sou hulle apart gehou het.

Antwoord nou net my vraag?

HOF : Weet u wat die aanklaer bedoel met apartheidsisteem? -- Ek het hom mos gevra om dit vir my te verduidelik en hy het dit nie gedoen nie.

MNR. JACOBS : Die apartheidsisteem is die regeringstelsel. van afsonderlike volkere en dat die Swart Plaaslike Besture wat julle so baie het, is deel van die regeringstelsel en die regering om apartheid of afsonderlike ontwikkeling uit te voer?

MR BIZOS : Is that an exclusive definition?

COURT : I think one can call it a personal definition. Dit is nou wat die aanklaer daaronder verstaan. Dit beteken nie noodwendig dat ek dit daaronder verstaan of iemand anders nie, maar dit is wat die aanklaer onder die woorde verstaan. -- Ja, u beskrywing van hierdie sisteem lyk vir my is reg, want dit is wat die Minister vir ons gesê het toe ons na hom toe gegaan het oor hierdie aangeleentheid. Hy het gesê ons moet ons grond verkoop aan die Administrasieraad en as ons dit verkoop het aan hom, sal hulle in staat wees om dit verder te kan uitvoer in die sin dat hulle ons na die tuislande toe kan stuur as ons nou nie in staat is om sekere pligte na te kom wat hulle van ons verwag nie.

Het u verstaan, as dit nou apartheidsisteem is, dat die Stadsrade deel is van hierdie sisteem om daardie soort beleid uit te voer? -- Nee, ek sê nie die Stadsraad of die Gemeenskapsraad is ŉ gedeelte van die apartheidsisteem nie. Wat ek sê is dat dit is in werking gestel met die oog daarop dat dit die doelstellings van die apartheid moet bevorder.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 12 MAART 1987.

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**



### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**




### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I2-5-191**
*Document Title:-* **Vol 191 p 9876-9934. Witness: Mokoena**